# HUIS MAERUA NEWSLETTER

HUIS MAERUA
*Maak 'n verskil.*


PG 1

ñ Woord van dankbaarheid.

PG 2

Kinders is 'n seën.




**VOLUME 5 | DECEMBER 2025**



Windhoek Child Protection Association
Bank Windhoek
Ac Nr: 1027392233
Branch: 483 872
Ref: Huis Maerua

081 776 2636 • bestuur@huismaerua.org
081 673 6237 • admin@huismaerua.org
083 332 5030 • info@huismaerua.org

24 Demonte St. Auasblick. Windhoek

## 'N WOORD VAN DANKBAARHEID

Terwyl ons die einde van nog 'n jaar nader, staan ons met diep waardering terug en besin oor die pad wat ons saam gestap het. Die afgelope maande was gevul met sowel vreugdevolle oomblikke as uitdagings—'n ware weerspieëling van die lief en leed wat deel vorm van ons daaglikse werk en ons roeping hier by Huis Maerua Kinderhuis.

Ons het die vreugde beleef van kinders wat groei, leer, genesing vind en nuwe vertroue ontwikkel. Ons het die voorreg gehad om klein en groot oorwinnings saam met hulle te vier. Van ons gesinne is weer herening na harde werk terwyl daar vir ander 'n nuwe tuiste geskep is buite die kinderhuis. Dis groot oorwinnings vir ons. Terselfde tyd het ons ook die gewig van moeiliker tye gedra—oomblikke van verlies, onsekerheid en die harde werklikhede waarmee sommige van ons kinders gekonfronteer word.

Te midde van alles staan een waarheid uit: **ons het dit nie alleen gedoen nie**. U ondersteuning, in watter vorm ook al dit gekom het, het ons staande gehou. Die onwrikbare betrokkenheid van ons ondersteunersgemeenskap het ons nie net in staat gestel om elke kind met waardigheid en stabiliteit te bedien nie, maar het ook 'n bron van aanmoediging vir ons span geword.

Ons is opreg dankbaar vir elkeen volgehoue vertroue, elkeen se bereidheid om saam te dra, en almal se konstante teenwoordigheid in die agtergrond. Elke bydrae—sigtelik of stil—het 'n betekenisvolle verskil gemaak.

Namens die bestuur en personeel van Huis Maerua bied ek ons hartlike dank aan. Mag ons voortgaan om in vennootskap 'n veilige, liefdevolle en hoopvolle toekoms vir elke kind te bou.

Met waardering,

**Erna von Dewitz**
**Bestuurder**

# IN DIE SEER KOM DIE HOOP



Ouerskap is een van die mooiste geskenke, maar waar die meeste dink dit kom vanself en natuurlik, is hierdie hoofstuk vir baie mense nie so eenvoudig beskore nie.

Ek stap die pad saam met vriende en selfs familie wat jare lank al probeer om “natuurlik swanger te raak,” en die absolute hartseer van verskeie miskrame, of die pynlike werklikheid om glad nie swanger te kan word nie, is so emosioneel uitputtend dat dit depressie en angs laat ontwaak.

Een van my beste vriendinne het keer op keer hormonale behandeling probeer, selfs ’n buisswangerskap in die Kaap deurstaan – maar elke keer het dit net in hartseer geëindig. Die seer het só oorweldigend geraak dat akute depressie haar werklikheid geword het; en ’n sameloop van hartseer en later verslawing in ’n poging om die pyn te ontsnap, het uiteindelik tot haar dood gelei.

Daarteenoor sien ons soms die teenoorgestelde: babas wat weggegooi word en in seldsame gevalle oorleef. Gelukkig bestaan daar babasorg-stasies wat hierdie weerlose kleintjies deur ’n “veilige muur boksie” inneem, en ongelooflike organisasies soos Huis Maerua, wat weerlose en verworpe kindertjies ontvang en probeer optrek uit die seer waarmee die lewe hulle getref het.

My eie pad saam met hierdie organisasie van “beter kanse op hoop” het my aannemingsproses onverwags ’n lewende realiteit gemaak. Ek wou altyd ’n bussie vol kinders hê en het my huis en lewe van vroeg af só ingerig. Maar die lewe draai soms anders, en God se wil het my sagkens kom herinner: “Ek het ’n ander plan vir jou, Rolf.”

Die grootste seën was egter die dag toe ek my babaseuntjie vir die eerste keer in my arms vashou - onverwags, en binne twee weke moes ek my hele bestaan omskakel: van loopbaan, besighede en omgee vir ander... na pappa word!

Huis Maerua was my kind se lewenslyn, die geboortekanaal van my gesin, en juis hierdie avontuur het my laat besef hoe belangrik dit is dat mense verstaan hoe aanneemwerk werklik funksioneer; want die slaggate kan jou soms onderstebo slaan.

Sosiale werkers, hulppersoneel, koördineerders, die wet - al hierdie elemente saam bepaal of ’n aanneming ’n mooi, genesende proses is, of ’n emosioneel brutale hoofstuk.

Nie omdat die kind of die organisasie iets verkeerd doen nie, maar omdat biologiese ouers soms nie wíl omgee nie, maar ook nie wil afteken nie. Dit is ’n harde werklikheid van ons samelewing.

Ek is dankbaar dat ons hoofstuk mooi en volledig kon afsluit, maar dit het kalmte, begrip en baie samewerking geverg - iets wat in hierdie omgee-omgewing ongelukkig skaars is.

Ek sluit af met woorde wat my destyds diep geraak het: “Dit is ’n seën om jou eie in die wêreld te bring. Dit is ’n seën om ’n ander s’n jou eie te maak. Want dit vra liefde uit ’n ander, dieper put in jou hart.”

Ek het destyds gewonder wat dit werklik beteken, tot die dag toe ek my seuntjie in my arms hou en sy absolute afhanklikheid van my om hom aan die lewe te hou, besef. Daardie liefde was so intens, dit het begin pyn. Want toe het ek geweet: God het hierdie verhaal perfek beplan, en ons avontuur saam is die vervulling van Sy wil.

Groete,
Rolf Hansen



HARDROCK
EARTHWORKS cc




**MAKE YOUR BRAND PART OF A CHILD'S STORY**

For just **N$200 a month**, your advertisement can appear in our monthly newsletter — reaching our supporters while directly helping change a child's life.

Your partnership will bring hope, care, and opportunities to vulnerable Namibian children in our care. Together, we can turn small acts of kindness into big differences.

Contact Suann at *admin@huismaerua.org* to partner with us today.

**THANK YOU FOR YOUR SUPPORT!**

**As we celebrate this Christmas season, we want to extend our deepest gratitude to everyone who supported Huis Maerua Children's Home throughout 2025.**

**Your kindness—whether through donations, time, skills, or encouragement—has brought hope, comfort, and opportunity to our children. Because of you, they end this year feeling seen, valued, and loved. Thank you for standing with us and for believing in our mission. May this festive season bring you peace, joy, and every blessing.**

**With sincere appreciation,**
***Huis Maerua Children's Home***